



STELLENBOSCH RUGBYVOETBALKLUB

Jaarverslag

2013

Inhoud

Presidentsverslag	1
Uitvoerende Bestuur	5
Beskermhere	6
Lewenslede	6
Erelede	6
Ere-visepresidente	6
Klubprestasies	7
Matieklub	9
Koshuisrugbyklub	10
Koshuisbeker Wenner	11
Vrouerugby	12
Mediese Ondersteuningsdienste	13
Matie Ondersteunersklub	15
Matie Sewes	17
Matie Rugby Skole Akademie	19
Matie Skeidsregters Akademie	20
Matie Presteerders	21
Matie Springbokke	22
Matie Springboktoetskapteins	23
Matie Sewes Springbokke	23
Matie Sewes Springbokkapteins	23
Matie Vroue Springbokke	23
Toekennings	25
Matie Koshuisskeidsregter van die Jaar	25
Matie Klublid van die Jaar	25
Matie Rugbyspelers van die Jaar	25
Universiteit van Stellenbosch Erekleure	25
Eerstespandasse	25
Klubkleure	26
Beurshouers	27
WPRVU Puntelyste	30
FNB Varsity Cup	32
Steinhoff Koshuiskampioenskap	32
Young Guns (0/20) Varsity Cup	32
USSA-toernooi	33
Koshuisrugby Puntelyste	34
Bedankings	36

Presidentsverslag

Die 2013 Rugbyjaar was 'n jaar van vernuwing asook 'n jaar waarin ons vaarwel moes sê. Die Rugbyjaar was nog in sy babaskoene toe daar verneem is van die afsterwe van klublegende Ian Kirkpatrick. Oom Kirkie, soos wat hy alombekend was, het 'n besondere loopbaan gehad as speler en afrigter. Dit is te danke aan persone soos hy wat die Matieklub die aansien geniet van feitlik almal in die rugbywêreld. Verder was daar 'n nuwe bestuurder van rugby, nuwe president en visie-President en ook 'n nuwe hoofafrigter.

Die Maties het die jaar puik veggees getoon in die Varsitybeker deur onoorwonne deur die groeefase te beweeg. Hoogtepunte sluit in die oorwinning oor UJ (29-13) in die openingsronde voor 'n volgepakte Danie Craven Stadion waar die Maties die krane na halftyd oopgedraai het om vier puik drieë te druk. Verder was die wen teen Tukkies (14-12) in Pretoria ook besonders omdat dit gewys het dat Maties op hul dag met enige span kan afgereken. Die semi-finaal teen NMMU was 'n naelbyt-affêre met die Maties wat die knoop 16-15 kon deurhaak ten spyte van die feit dat die besoekers drie drieë gedruk het teen Maties se twee. Die feit dat NMMU vier verbroude skoppe gehad het waarmee hulle die wedstryd kon wen was vir die Maties definitief 'n punt van kommer en ongelukkig het die geluksgodin nie weer so geglimlag in die finaal teen 'n sterbelaaide Tukkies-span. Die eindstryd was 'n definitiewe antiklimaks deurdat Tukkies se span bestaan het uit verskeie spelers wat eintlik professionele atlete is, teenoor 'n Maties-span wat slegs drie nie-studente bevat het en waarvan al die student vir voltydse graadprogramme ingeskryf was. Die eindtelling van 44-5, tesame met die feit dat die besoekers vyf verdoelde drieë aangeteken het, wys wat gebeur as studente teen professionele spelers moet meeding.

Daar word hard gewerk met al die rolspelers om te verseker dat die Varsitybeker in die toekoms 'n reeks is waar volwaardige studente teen mekaar kompeteer. Maties is die dryfveer agter verskeie groot veranderinge wat in 2015 in werking tree en daar sal hopelik nooit weer 'n situasie wees waar die finaal op so 'n ongelyke speelveld beslis word.

Steinhoff Medies het die Maties verteenwoordig in die Steinhoff Koshuiskampioenskap en het deurgedring na die halfeindstryd van die kompetisie. Hulle het ongelukkig 31-26 vasgeval teen die uiteindelijke kampioen Steinhoff Vishuis maar het steeds die klub uitstekend verteenwoordig.

In die kompetisie vir 0/20-spanne het die Maties vir die tweede agtereenvolgende jaar gekwalifiseer vir die eindstryd. In die halfeindstryd het die Maties 'n uitstekende oorwinning van 26-15 behaal oor die Shimlas. Ongelukkig het die span in die finaal net eenvoudig nie die skietgoed gehad om met Tukkies te kompeteer op 'n papsopnat Danie Craven nie en 50-21 verloor.

Die Maties het die jaarlikse Cape Town Tens vir 'n verstommende vyfde keer in 'n ry gewen nadat hulle in die eindstryd afgereken het met die ou vyand, UCT. Daar kan omtrent 'n konsert aangebied word met al die kitare wat in die Trofeekas aangehou word en Maties bly steeds die enigste span wat die kompetisie gewen het. Steinhoff Medies het as deel van hulle voorbereiding vir die Steinhoff Koshuiskampioenskap ook 'n span ingeskryf en het as wenners van hulle afdeling weggestap.

Die WP-liga is vir die laaste keer in sy huidige formaat gespeel en Maties het weereens bo-aan die punteleer geëindig na die eerste semester se wedstryde. Die Maties het 39 uit 'n moontlike 45 ligapunte versamel en slegs teen UCT in die Intervarsity verloor. Die wedstryd was gespeel met Maties wat vyf spelers en hul afrigter aan die SA Studente-span moes afstaan en steeds het die span moedig baklei. Ongelukkig het die Ikeys die Intervarsity gewen en in 2014 sal sake definitief reggestel moet word. Die tweede semester het Maties die uitstekende en die gemiddelde gemeng deur verskeie fantastiese oorwinnings te behaal en dan dit op te volg met 'n minder as oortuigende wen. Die span het weereens net 'n enkele wedstryd verloor die semester waar hulle 20-16 teen Hamiltons in Kaapstad die onderspit gedelf het. Na 18 wedstryde het die Maties 16 gewen en 'n allemintige 77 ligapunte ingesamel. In al die oorwinnings het Maties 12 keer 'n bonuspunt verwerf en gemiddeld met 'n telling van 41-12 gewen. Daar moet ernstig gekyk word na die volhoubaarheid van die Liga en die uitbreiding na 15 spanne in 2014 gaan verseker nie help met die eensydige aard van die wedstryde nie. Volgende jaar gaan daar 'n soortgelyke formaat wees as die wat in Super Rugby gebruik word, waar ses spanne kwalifiseer vir die uitkloprondes. Dit beteken dat die Victoriane, wat dié jaar vyfde geëindig het, potensieel teen Maties kan speel in 'n halfeindstryd of selfs 'n eindstryd. Verder beteken dit dan om bo-aan die punteleer te eindig van uiterste belang is omdat dit tuisvoordeel waarborg in die uitklopwedstryde.

Die ander Klubspanne presteer puik en Maties wen drie uit 'n moontlike vier verdere ligas. Die Cravens (0/21A) eindig derde in die klipharde Tweedeliga en die Markötters en Victoriane vyfde. Die Junior Cravens (0/21B), Junior Maties (WPRI) en die Matie Vroue word almal as wenners van hulle ligas gekroon. Die Junior Markötters (0/21C) eindig vierde en die Junior Victoriane (0/19) tweede in hulle onderskeie ligas. Maties het dus spanne in die top vyf van elke liga en ses spanne wat of gewen het, of tweede geëindig het uit nege amptelike spanne, wat werklik 'n merkwaardige prestasie is. Gekoppel met die feit dat al die spanne behalwe die Cravens se posisie verbeter het, is dit duidelik dat die Klub op 'n opwaartse trajek is in die verskillende WP-Ligas. Die Maties Vroue eindig die seisoen as die enigste onoorwonne span en wen gemiddeld hulle wedstryde met 54 punte. Die Klubspanne as geheel wen 77% van hulle wedstryde en druk 2.6 keer vir elke drie wat afgestaan word.

Die Matie Rugbyklub het in 2013 sy nuutste Springbok opgelewer in die kookwater Wille le Roux. Tesame met Jean de Villiers (Kaptein), Francois Louw, Juandré Kruger en JJ Engelbrecht het Le Roux Suid-Afrika ook verteenwoordig in die toetse teen Italië, Skotland en Samoa, asook die Rugby Kampioenskap. Aan die einde van 2012 het De Villiers, Louw, Kruger en Schalk Brits ook gespeel tydens die Springbokke se Europese toer. Verder was beide Louis Schreuder en Lourens Adriaanse ook betrek by die Springbokke gedurende die jaar.

Maties is uitstekend verteenwoordig in feitlik elke span, plaaslike provinsiale span en verskeie oorsese klubs, met ongeveer 80 oud-Maties wat die afgelope seisoen gespeel het. Plaaslik was daar dertien spelers betrokke by die Stormers, 31 vir die WP op senior vlak (21 mans en tien dames), sestien vir die WP 0/21 span, vier vir die WP 0/19 span en drie vir die WP Sewesspan. Op nasionale vlak was daar ses spelers, 'n afrigter en spandokter betrokke by die SA Studente en dan weer vyf en 'n afrigter by USSA Sewesspan.

Oudergewoonte het die Maties se Sewesspan, onder leiding van Ian Campbell-McGeachy, weer die trofees ingeryg en weggestap met die louere by Varsity Sport, USSA Sewes en die

Wesbank Sewes. Verder verower die span die silwermedalje by die Centrale Sewes in Parys. By dié toernooi klop Maties onder andere Trinity Universiteit van Dublin Ierland, Euskadi van die suide van Frankryk, die Franse Akademie en veral die Nasionale Span van Tunisië.

Gedurende die eerste week van Julie neem Maties deel aan die jaarlikse USSA-toernooi by die Tshwane Universiteit van tegnologie (TUT) in Pretoria. Afrigters Chris Rossouw en Adri Badenhorst en 'n besondere jong span, wat slegs vyf spelers met Varsitybeker ervaring insluit, bereik die finaal na twee puik oorwinnings teen NMMU (27-8) en NWU Pukke (35-30). Hier val Maties ongelukkig vir die tweede keer die jaar vas in 'n finaal teen 'n sterk UJ en verloor 29-16. Die positiewe van die toer is dat elke speler blootstelling en speelkans gekry het en verskeie van die spelers intussen hulself by die Maties en Victoriane gevestig het en ook in 2014 Varsitybeker sal speel.

Die jaar se koshuisrugby seisoen was 'n opwindende ene en het reeds vroeg met die Steinhoff Nuwelinge Toernooi begin. Steinhoff Dagbreek het hul titel suksesvol verdedig deur vir die tweede jaar in 'n ry die eindstryd te wen. In die Sauerbeker wen Medies dertien agtereenvolgende wedstryde om die trofee vir die eerste keer sedert 2006 suksesvol te verdedig. Medies het 23 uit 26 wedstryde in 2012 en 2013 gewen en sal ook weer Maties verteenwoordig in die Steinhoff Koshuiskampioenskap.

Verder wil ek graag alle persone betrokke by die bestuur van Maties bedank vir hulle bydraes, of dit langs die speel- of oefenveld, agter die lessenaar of laatnag in die Coetzenburgklub is.

Sonder dr. Pierre Viviers en sy span by Kampusgesondheidsdienste sou dit onmoontlik wees vir die Klub se spelers te funksioneer op die vlak wat hulle doen en daarom word die ondersteuning by alle fasette van die Klub uitermatig waardeur. Alle persone betrokke by die omsien van spelers word ook spesiale bedank vir hulle onbaatsugtige bydrae.

Die borge van die Klub kan amper hulle eie afdeling kry in die verslag weens die ongelooflike bydrae wat hulle maak aan die klub. Sonder hulle ondersteuning sou die Matieklub sy deure moet sluit en die hele klub, van spelers tot bestuur, is innig dankbaar vir die borge se welwillendheid. FNB, as hoofborg van die Maties Eerstespan, tesame met Steinhoff, wat die res van die Maties se klubspanne en die Steinhoff Interkoshuisliga borg, word spesifiek uitgesonder vir die impak wat hulle het op die sukses en vooruitgang van die Klub en daar word met rede uitgesien na wat 2014 en verder inhou vir die verhoudings. In besondere moet mnre. Markus Jooste, Danie van der Merwe, Derrick Matthew, Ajee Valentine en die ander lede van die Steinhoff topbestuur bedank word vir hulle betrokkenheid by veral die koshuise.

Barloworld Toyota Stellenbosch, wat 'n reeks voertuie tot die klub se beskikking gestel het, moet weereens bedank word vir die bydrae wat hulle maak. Mnre Marius de Bruin en Gert Strydom word hier uitgesonder en sal sekerlik trots wees as hulle die verskil sien wat die voertuie maak by die klub. Dankie ook aan Gino's en die eienaar meneer Domenico Massa.

Ek wil ook graag die Rektor, prof Russel Botman en veral die Vise-Rektor, prof Julian Smith bedank vir hulle ondersteuning van Matie rugby. Dankie ook aan prof Leopold van Huysteen en al die lede van die Rektorsbestuur vir die bywoning van die Maties se rugbywedstryde en funksies. Die klub sê ook baie dankie aan die Direkteur Matie Sport, me Jackie Wiese en haar

personeel, vir hul belangstelling en ondersteuning van Matie rugby. Die Matie Rugbyklub bly steeds verbind tot die akademiese en diversiteitsbeleid van Universiteit van Stellenbosch.

Ek wil ook dankie sê aan alle lede van die klub se Dagbestuur, Uitvoerende Bestuur en Sentrale Bestuur en hulle bedank vir die tyd en energie wat hulle aan die Klub spandeer. Quintin van Rooyen, wat in 'n jaar soveel vermag het as bestuurder van rugby, word ook bedank vir sy bydrae en voorspoed toegewens in sy nuwe pos.

Dan ook 'n besondere bedanking aan my voorganger Frikkie Naude, wie se impak na agt jaar se diens duidelike te siene was toe ek die 2012 jaarverslag bestudeer het, asook in die nalatenskap wat hy hier agtergelaat het en Maties gevestig gehou het as een van die top klubs in die wêreld.

Laastens wil ek graag vir Charl Cronje, wat visie-president 'n enorme dryfveer was gedurende die afgelope jaar, bedank vir sy toegewydheid, presisie en sy wil om 'n kwessie te dryf tot waar daar 'n tasbare verskil gesien kan word op die grondvlak van die klub. Dit was onder sy leiding dat die klub 'n reeks Indabas gehou het en sodoende waardevolle terugvoer gekry het vir die pad vorentoe. Die Indabas sal 'n jaarlikse instelling word en alle rolspelers sal so 'n kans kry om betrokke te raak by die visie van die klub om inklusief, deursigtig en innoverend te wees.

Ek wens julle almal 'n lekker breek toe en sien daarna uit om julle vroeg in die nuwe jaar weer te ontmoet. Die komende jaar beloop om verskeie uitdagings en geleenthede te hê, maar oudergewoonte sal Maties die toonaangewende klub wees in die land en verseker 'n suksesvolle 2014 hê.

FREDDIE FERREIRA
PRESIDENT

16 Oktober 2012



Uitvoerende Bestuur

Mnr Freddie Ferreira	President
Mnr Charl Cronje	Vise-President
Mnr Riaan Basson	Tesourier
Mnr Quintin van Rooyen	Hoof Sportbestuurder: Rugby
Mnr Chris Rossouw	Hoofafrigter
Mnr Germain Brinkhuis	Matieklub
Mnr Reniel Hugo	Senior Klubkaptein
Mnr Jacobus de Kock	Junior Klubkaptein
Me Denita Wentzel	Vroue Klubkaptein
Mnr Abrie van Zyl	Koshuisrugbyklub
Mnr Dorfling Terblanche	Koshuisrugbyklub
Mnr Louis Blom	Matie Ondersteunersklub

Uitvoerende Bestuur



Foto: Anton Jordaan, SSFD

2e Ry: Me Denita Wentzel, Mnrre Jacobus de Kock, Louis Blom, Reniel Hugo en Germaine Brinkhuis.

1e Ry: Mnrre Abrie van Zyl, Chris Rossouw, Freddie Ferreira (President), Charl Cronjé (Vise-President) en Riaan Basson.

Afwesig: Me Jackie Wiese en Mnr Dorfling Terblanche

Erelede

Beskermhere

Prof Russel Botman (Rektor), prof Julian Smith (Viserektor) en mnr Tobie Titus (President WP Rugbyvoetbalunie).

Lewenslede

Proff Johan Cronjé, Herman van Niekerk en Andreas van Wyk, drr Francois Malan, Dawie Swart en Rooies van Wyk, mnre. Willem Agenbach, Jan Boland Coetzee, Robert Denton, Piet Eloff, Jannie Engelbrecht, Johan Fechter, Ian Kirkpatrick, Jannie le Roux, Jurie Roux, Dawie Snyman, James Starke, Joan Roux, Frikkie Naude en Belius Potgieter.

Erelede

Mnre Markus Jooste, Danie van der Merwe en Derrick Matthew (Steinhoff International), Michael Jordaan (FNB), Marius de Bruin en Gert Strydom (Barloworld Toyota), Domenico Mazza (Gino's Restaurant), Andries Kruger (SA Brouerye), dr Piet Neethling en mnre GT Ferreira, Jannie Mouton en Andries Potgieter (Donateurs).

Ere-visepresidente

Mnre Germain Brinkhuis (Matieklub), Louis Blom (Ondersteunersklub), Schalk Opperman (Academia), Jakkie du Toit (Dagbreek), Pierre Viviers (Eendrag), Willie van Zijl (Elsenburg), Ben Nel (Goldfields), Robert Kotzé (Helderberg), dr. Dawie Swart (Helshoogte), Ben Malan (Huis Marais), De Wet Viljoen (Huis Visser), Jaco Rossouw (Kolonieshof), Chris Norton (Libertas), Chris Lombard (Majuba), Danie Roux (Medies), Gareth Cornelissen (Metanoia), Bennie Schloms (Oude Molen), Dirk Theart (Pieke), dr Leslie van Rooi (Simonsberg) en Daniël Malan (Wilgenhof).



Klubprestasies

FNB Matie Eerstespan

Wenner van die WP Superliga.

Naaswenner FNB Varsity Cup.

Steinhoff Victoriane

Eindig in die vyfde posisie op die WP Super A Eersteliga punteleer.

Steinhoff Markötters.

Eindig in die vyfde posisie op die WP Super A Tweedeliga punteleer.

Steinhoff Cravens (0/21 A)

Eindig in die derde posisie op die WP Super A Tweedeliga punteleer.

Steinhoff Junior Cravens (0/21 B)

Wenner van die WP Super A Derdeliga.

Steinhoff Junior Markötters (0/21 C)

Eindig in die vierde posisie op die WP Super A Derdedeliga punteleer.

Steinhoff Junior Maties (0/20 A)

Wenner van die WPRVU Super A 0/20-liga.

Steinhoff Junior Victoriane (0/19 A)

Eindig in die tweede posisie van die WPRVU Super A 0/20-liga.

Steinhoff Matie Vrouespan

Wenner van die WP Vroueliga.

Steinhoff Matie Tienspan

Wenner van die Cape Town Tens vir die vyfde agtereenvolgende jaar.

Steinhoff Matie Sewes-span

Wenner van die Varsity Sewes Toernooi

Wenner van USSA Sewes

Wenner van Wesbank Sewes

Naaswenner by Centrale Sewes in Parys

FNB Matie Eerstespan



Foto: Anton Jordaan, SSFD

- 3e Ry: David Strachan, Os Hamman, Boeta Kleinhans, Nicholas de Jager, Jurgen Streicher, Wessel Coetzee, Ian Groenewald, Jan de Klerk, Wilhelm vd Sluys, Mark Prior, Louis Jordaan en Clearance Khumalo.
- 2e Ry: Charl de Villiers, James Alexander, Warren Seals, Niel Oelofse, Jean Nel, Derick Linde, Neethling Gericke, Teunis Nieuwoudt, Brendan Pitzer, Keith Chennoworth, JH Potgieter, Stefan de Villiers, Caleb Smith.
- 1e Ry: Melissa Hillhouse, Dean Grant, André Smith, Adri Badenhorst (Afrigter), Ryan Nell, Freddie Ferreira (President), Helmut Lehmann (Kapt), Chris Rossouw (Afrigter), Reniel Hugo, Charl Cronjé (Vise-President), Mark Hodgskiss, Alistair Vermaak, Girt Geldenhuys (Bestuurder).

Steinhoff Matie Vrouespan



Foto: Anton Jordaan SSFD

- 2e Ry: Annique Geswind, Xoliswa Mbombo, Natasha Hofmeester, Aimee Barrett, Denita Wentzel, Andrea O'Connor, Tracy de Wet.
- 1e Ry: Celeste Marais, Danel Rossouw, Freddie Ferreira (President), Chantel Sieckers (Kapt), Charl Cronje (Vise-President), Gloria Sullivan, Beth Rudge.

Matieklub

Mnr Germaine Brinkhuis	Voorsitter
Mnr Reniel Hugo	Senior Klubkaptein
Mnr Jacobus de Kock	Junior Klubkaptein
Me Denita Wentzel	Vroue Klubkaptein
Mnr Riaan Basson	Tesourier
Kapteins van klubspanne	Lede
Sportbestuurder	Cindy van der Merwe

Die jaar kom nou vinnig na 'n einde en die 2013 seisoen was weer 'n uitdaging vir alle Matie spanne. Van die Varsity Cup tot die WP liga het alle Matie spelers die naam van die universiteit met trots gedra. Die spelers is die rugbyklub se grootste bate en die welwees van ieder en elke rugbyspeler as 'n student staan sentraal in die proses.

Die Matieklub instelling van die Kenmekaar-aande was weer 'n reuse sukses. Dit was gekomplimenteer met die "steak" aande waar die Coetzenburg klub oopgestel was en spelers en hul gades/meisies om hul mede spanmaats en bestuur beter te leer ken op 'n sosiale vlak. Die klem van die spesiale aande is om die integrasie tussen juniors en seniors op 'n sosiale vlak te verbeter. Die Speler van die wedstryd toekennings word ook by die funksies oorhandig en elke speler ontvang 'n prys komplimente van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub.

Die Matieklub het in 2013 'n nuwe gees onder spelers ervaar. Daar was 'n gevoel van kameraadskap en 'n gevoel van ingesluitheid. Ons wil net die bestuur van die rugbyklub bedank vir hul ongelooflike bydrae.

Die Matieklub wil ook all spelers gelukwens wat hul nasionale en provinsiale kleure verwerf het. Dit is ook hart verblydend om te sien dat in elke provinsiale span 'n Matie sy kop uitsteek. Ons wil ook alle spanne wat hul onderskeidelike ligas gewen het geluk wens. Op 3 Oktober 2013 was ons jaareindfunksie wat 'n reuse sukses was. Baie geluk aan die spelers wat pryse sowel as die wat hul eerstespan dasse ontvang het.

Ons wil ook graag baie dankie se aan die uitvoerende bestuur, afrigters, spanbestuurders, medies personeel, personeel by die kantoor en skeidsregters vir hul toewyding en pligsgetroue diens wat hulle vir Stellenbosch Rugbyvoetbalklub gelewer het.



The logo for Steinhoff koshuisrugby features a stylized red 'S' icon to the left of the text. The word 'Steinhoff' is written in a large, bold, red serif font, and 'koshuisrugby' is written below it in a smaller, red, lowercase sans-serif font.

MAKING RUGBY SERIOUS FUN

Koshuisrugbyklub

Mnr Abrie van Zyl	Voorsitter
Mnr Quintin van Rooyen	Hoof Sportbestuurder Rugby
Mnr Melaki Gunter	Addisionele Lid
Mnr Dorfling Terblanche	Addisionele Lid
Mnr Abri Loubser	Addisionele Lid

Soos oudergewoonte het die koshuisrugbykalender afgeskop met die gebruikelike jaarlikse Steinhoff Nuweling Toernooi. Die Coetzenburg velde is elke Dinsdag middag gedurende Februarie opgehelder deur nuwe klublede wat hulle talent aan die klubkeurders ten toon wou stel terwyl hulle hul koshuise met trots verteenwoordig. Die uiteindelijke wenners was Steinhoff Dagbreek terwyl Steinhoff Helderberg die plaatkompetisie opgeraap het.

'n Week later was dit die senior koshuisspanne se beurt om 'n smakie van voorseisoense rugby te kry. Die jaarlikse derbydag was 'n groot sukses met die wedstryde tussen Steinhoff Eendrag en Steinhoff Helshoogte asook Steinhoff Dagbreek en Steinhoff Wilgenhof wat uitstekende rugby opgelewer het.

Gedurende Februarie het Steinhoff Medies hulle veldtog begin om die tweede koshuis vanaf Maties te word wat die Varsity Cup se Steinhoff Koshuis Kampioenskap kan verower. Medies het uitstekende rugby gespeel maar ongelukkig in hulle derde wedstryd vasgeval teen Steinhoff Villagers van die Pukke. Hierdie verloor het veroorsaak dat Medies in die semi-finaal teen die verdedigende kampioene, Steinhoff Vishuis van Kowsies, moes speel. Medies het ongelukkig hierdie wedstryd verloor.

Om verhoudinge tussen die koshuise en die klub se bestuur nader aan mekaar te bring, is daar vir die eerste keer in koshuis rugby se geskiedenis 'n koshuis indaba gehou. Die koshuise het baie goeie insette gelever en 'n geleentheid is geskep vir koshuise om hulle gedagtes te bespreek met hulle mede koshuise. 'n Hele paar nuwe gedagtes binne koshuisrugby het vanuit hierdie indaba gevloei en dit sal definitief 'n jaarlikse instelling op die koshuis kalender moet raak.

Met die tweede kwartaal se afskop het die koshuise weer begin om mee te ding vir die onderskeie koshuis ligas. Sestien koshuise met twee-en-veertig spanne het in die vier koshuis ligas deelgeneem. In die Steinhoff Eerste Liga het Steinhoff Medies en Steinhoff PSO Barbarians die aanvanklike voortou geneem en die eerste semester onoorwonne afgesluit. Aan die einde van die tweede semester het Steinhoff Wilgenhof en Steinhoff Dagbreek hulle by hierdie twee spanne aangesluit om die semi-finaliste te vorm. Die Eerste Liga finaal is gespeel tussen Medies en PSO Barbarians. Medies het hulle 2012 titel suksesvol verdedig en hulle sal Maties weer in 2014 by die Varsity Cup se Steinhoff Koshuis Kampioenskap verteenwoordig. Baie sterkte aan Medies vir hulle deelname aan hierdie kompetisie.

Steinhoff Goldfields het geskiedenis gemaak deur die Steinhoff Tweede Liga vir die eerste keer te wen. Dit nadat Goldfields 'n paar jaar gelede nog in die Vyfde Liga gespeel het. Steinhoff

PSO Barbarians 3 het die Steinhoff Derde Liga gewen en Steinhoff Dagbreek 4 die Steinhoff Vierde Liga.

Die koshuisrugby jaar is oudergewoonte afgesluit deur die jaarlikse Majuba sewes toernooi. Wilgenhof en Dagbreek het in die finaal gespeel met Wilgenhof wat die uiteindelijke wenners was.

Geluk aan alle spanne wat gedurende 2013 titels vir hulle onderskeie koshuise ingepalm het.

'n Suksesvolle jaar van koshuisrugby sal nie moontlik wees sonder die ruim bydrae van die klub se borge nie. 'n Besondere woord van dank aan Steinhoff International as hoofborg van koshuisrugby. Hulle bydrae tot pryse, truië, broekies, balle, kouse en opwarmingshempies en vele meer word opreg waardeer. Dankie ook aan Lipton en SA Brouerye wat die spelers se dors les na die wedstryde.

Om seker te maak dat 243 koshuis wedstryde per jaar glad verloop is daar baie rolspelers wat belangrike bydraes maak. Baie dankie aan Dr. Pierre Viviers, sy mediese en noodhulp span asook Cecil Adams wat elke wedstryd daar is om na die welstand van die koshuis spelers te kyk. Dankie ook aan Ds. Gert van Jaarsveld, Hendrik Greyvenstein en al die koshuis skeidsregters vir hulle hantering van die wedstryde. Die personeel van die rugbykantoor, en veral Quintin van Rooyen en Fredri "Melaki" Gunter, moet bedank word vir hulle onbaatsugtige diens om seker te maak alle administratiewe reëlings in plek is sodat dinge daaglik glad verloop. Laastens moet die koshuis Dagbestuur bedank word vir hulle bydrae om koshuisrugby 'n sukses te maak.

Sonder die koshuise se bydrae sou koshuisrugby op Stellenbosch nie so 'n groot sukses gewees het nie. Baie dankie aan alle Koshuis Presidente en Verteenwoordigers vir die diens wat julle aan die Koshuisrugbyklub lewer. Baie dankie ook aan alle toeskouers wat so gereeld koshuis rugby kom ondersteun.

2013 was 'n goeie jaar vir koshuisrugby en daar kan met afwagting uitgesien word na nog 'n suksesvolle jaar in 2014.

Koshuisbeker Wenner

<i>Nuwelinge Plaat</i>	Steinhoff Helderberg
<i>Nuwelinge Toernooi</i>	Steinhoff Dagbreek
<i>Vierde Liga</i>	Steinhoff Dagbreek 4
<i>Derde Liga</i>	Steinhoff PSO Barbarians 3
<i>Tweede Liga</i>	Steinhoff Goldfields 1
<i>Eerste Liga</i>	Steinhoff Medies 1

Vrouerugby

Die vrouespan het reeds in Februarie begin oefen om voor te berei vir die 2013 seisoen. In Mei het die seisoen begin met sewe en twintig geregistreerde spelers. Alhoewel daar baie struikelblokke was, soos velde, beserings en die stigting van 'n nuwe span in Pniel, was ons steeds positief om die kampioene van die liga te bly.

Daar is agt liga wedstryde gespeel waarvan die vroue weer vanjaar die liga gewen het. Op 24 September het die span aan die Erfenis dag toernooie deelgeneem. Daar is vier wedstryde gespeel en die span het in die derde plek geëindig.

Ons was bevooreg om vanjaar tien WP spelers te lewer. Die Vroue WP span dring deur na die finaal en kom tweede na 'n nederlaag teen Grens in 'n weg wedstryd. Die volgende spelers was deel van hierdie span: Chantel Sieckers, Celeste Marais, Denita Wentzel, Elizabeth Rudge, Natasha Hofmeester, Veroeshka Grain, Cherne Roberts, Nicole Breda, Elma Kemp, Danel Rossouw.

Die klub het ook vier SA senior spelers, twee SA sewes en een SA o/20 speler gelewer. Hierdie spelers verteenwoordig ook die klub in verskillende kompetisies wêreldwyd soos die IRB vroue sewes reeks, die IRB sewes wereldebeker in Moskou, die Senior Nasiebeker in Amerika, die onder 20 Nasiebeker in Engeland en plaaslik in die wereldebeker kwalifiseerder teen Uganda. Springbokkleure is vir die eerste keer aan Celeste Marais en Veroeshka Grain toegeken. Andere bokke is Denita Wentzel en Natasha Hofmeester. Veroeshka Grain en Natasha Hofmeester kry Springbok sewes kleure en Annique Geswind, onder 20 Springbokkleure.

Baie dankie aan die klub, die admin personeel, die uitvoerende bestuur, ons klub kaptien Denita Wentzel, kaptein Chantel Sieckers, al ons spelers en ons afrigter Gloria Sullivan wat hierdie jaar weer verseker het dat ons die liga wen.

Danel Rossouw



Mediese Ondersteuningsdienste

Dit is weereens `n voorreg om `n kort blik te gee oor die bedrywighede wat op die mediese terrein van die klub plaasgevind het. Jaarliks word die uitdagings, kompleksiteit en behoeftes van die mediese ondersteuning wat nodig is net groter. Die mediese diens wat aan die spelers van die klub aangebied word bestaan uit die volgende:

- Hoë prestasie program
- Sportbeseeringskliniek
- Mediese- en Noodhulpdienste

Dienste is hoofsaaklik aangebied deur personeel by Kampusgesondheidsdiens (KGD), waarvan die Fisioterapeute sedert 01 Januarie 2013 weer deel is, asook die Sentrum vir Menslike Prestasie Wetenskappe (CHPS). Finale jaar fisioterapie studente het weer aanvullende dienste tot klub spanne gelewer. Noodhulp diense by klub en koshuis wedstryde is ook deur `n span studente van die US behartig.

n Omvattende en geïntegreerde hoë prestasie program vir deelname aan die Varsity Cup® (VC) en ander kompetisies (insluitend die WP Super Liga) het mediese siftings, funksionele bewegingsevaluasies, sport visuele analyses en fiksheidstoetse ingesluit. Bo en behalwe die kondisioneringsprogramme wat elke speler ontvang het, is daar ook aandag gegee aan pre-rehabilitasie oefeninge waar dit geblyk het dat daar beseeringsrisikos bestaan. Persone wat nou gemoei was met hierdie program is Drs Pierre Viviers en Jo-Anne Kirby (sportgeneesher), Melissa Hillhouse en Andre Smith (beide biokineticici) en Grant van Velden (visuele oefeningspesialis).

Maties Sport en KGD het dit vir lede van die Matie klubspanne moontlik gemaak om die sportbeseeringskliniek op weksdae vanaf 08h00-10h00, by KGD te besoek. Alle Matie kluspelers het dus toegang tot gespesialiseerde dienste, sonder enige kostes, gehad. Vroeë diagnose en spesifieke kon dus sonder tydsverwyl ingestel word. In die geheel gesien het hierdie ook bygedra tot die doeltreffende bestuur van beseerde spelers. Dienste is hoofsaaklik deur Drs Kirby, Thompson en Viviers gelewer.

Mediese- en noodhulpdienste by kontak oefeninge en wedstryde (insluitend koshuisliga) is deur Dr Kirby, Cecil Adams (ambulansbestuurder en noodhulp) en Valdene Southon (KGD) gekoördineer en bygestaan deur Dr Thompson, Dr Viviers, die KGD verpleegkundiges (Dorothy Carolissen, Lesley Moolow, Anneke van den Heever, Roxhana Adams en Erika Botha). Verdere opleiding in die hantering van gesig-, kop- (konkussie) en nekbeseerings is aan die noodhelpers gegee voor die aanvang van die seisoen. Noodhelpers vir 2014 word ook eersdaags opgelei in die geakrediteerde vlak 1 noodhulp kursus van die IRB. Dr Kirby het die opleiding deur die IRB voltooi en kan in die toekoms hierdie kursus aanbied.

Dr Craig Thompson het diens gedoen as die spandokter vir die S.A Studentespan van 2013. Dr Viviers het op uitnodiging die IRB mediese konferensie in Dublin bygewoon. Hy dien ook as SARU paneellid vir die ontwikkeling van die hersiende riglyne vir die hantering van konkussie.

Na 'n suksesvolle jaar wil ek graag elkeen wat deel gevorm het van die Matie Rugby Mediese Span bedank vir hul bydrae. Die ure is meesal lank en in die koue nat Kaapse winter weer. Julle bydrae word opreg waardeer. Graag wil ek ook die bestuur, personeel, afrigters en spanbestuurders van Matie Rugby, opreg bedank vir die ondersteuning van mediese en noodhulppersoneel, op welke wyse ook al. Persoonlike dank ook aan Freddie Ferreira en Charl Cronje vir julle ondersteuning aan die Mediese Personeel. Met die ter perse gaan van hierdie verslag sal ons alreeds druk besig wees met die voorbereiding vir 2014 Varsity Cup, maar nietemin, mag elkeen 'n vreugdevolle Kersseisoen saam met jul geliefdes beleef en mag 2014 net opwindend en voorspeedig wees.

Dr. Pierre Viviers

MATIE BORGE

First National Bank

Steinhoff International

Lipton

SA Brouerye (Carling Black Label)

Barloworld Toyota Stellenbosch

Gino's Restaurant



Steinhoff



Matie Ondersteunersklub (MOK)

Mnr Louis Blom	Voorsitter
Mnr Wynand Pienaar	Ondervoorsitter
Me Cindy van der Merwe	Sekretaris
Mnr Charl Holwill	Addisionele lid
Mnr Chris Norton	Addisionele lid
Mnr Piet Roux	Addisionele lid
Mnr Juandri Duvenhage	Addisionele lid
Mnr Lucas de Kock	Addisionele lid

Al die MOK lede gekies uit AJV Y2011 was weer beskikbaar, behalwe mnr. Marvin Koopman. Aangesien mnr. Koopman gekoöpteer was a.g.v. sy amptelike posisie by Universiteit Stellenbosch Alumni Kantoor, is daar besluit om net so met die bestaande komitee, soos aanvanklik verkies, voort te gaan. Dadelik het ons soos vorige jare begin met beplanning vir die jaar wat voorlê en het ons die volgende planne, aksies, strategie en mikpunte gehad.

Mikpunte vir 2013 was om lidmaatskap drasties op te stoot en om 500+ lede te probeer werf; om die bestaande bankbalans op te stoot en moontlik te verdubbel; om blootstelling te bied en belangstelling aan te wakker onder ondersteuners, oud-spelers en alumni deur verskillende MOK byeenkomste.

Die MOK se drie beplande geleenthede vir 2013 was die Varsity Cup alumni gholfdae; byeenkomste in en om die Coetzenburgklub rondom Maties se Varsity Cup tuiswedstryde en die jaarlikse MOK Gholfdag te Stellenbosch gholfbaan.

Soos die vorige jaar was die MOK Voorsitter vroeg hierdie jaar weer bevoorreg om uitgenooi te word na die Varsity Cup loodsing wat 'n gholfdag op Serengeti in Johannesburg ingesluit het. Die twee oud-Matie spanne was as volg saamgestel: Louis Blom, Chris Rossouw, Schalk Naude; Freddie Ferreira; adv. Rean Strydom, Johan Walters, Charl Holwill en Jean Coetzee. Die Maties wen hierdie dag, deur as oorwinnaars uit die gholfstryd te tree.

Die jaarlikse Maties/ Pukke gholfdag word hierdie jaar by die Stellenbosch gholbaan gehou. Weereens het 16 oud-Maties teen 16 oud-Pukke gholf gespeel. Maties wen vir die eerste keer in 4 jaar die Pukke en hierdie dag is nou gevestig en 'n instelling. Varsity Cup skenk 'n TW Steel horlosie wat die komitee as prys gebruik het vir die verkoop van looitjie kaartjies. R10 000 word met hierdie projek ingesamel en sal gebruik word vir 'n beurs vir 'n jong rugbyspeler in 2014.

Die Varsity Cup alumni gholfdag teen Tukkies, vind hierdie jaar te Pretoria Country Club, Waterkloof plaas. Skakeling met die oud-Tukkies het hierdie jaar aansienlik verbeter en ons voorsien steeds dat in opvolgende jare hierdie gholfdag 'n groot sukses gaan wees, aangesien albei universiteite sterk alumni verenigings het en baie trots is daarop. Maties het vir die tweede agtereenvolgende jaar die dag gewen,

Volgende jaar is die volgorde omgekeer, Potchefstroom toe en dan kom die Tukkies Stellenbosch toe. Die gewildheid van hierdie gholfdae neem ongelooflik toe en dit raak

glansgeleenthede vir alumni om skouers te skuur. Oud-Matie rugbymanne soos Chris Rossouw, Charl Holwill, Werner Greeff en Breyten Paulse neem nou gereeld vir die Matie Rugby gholfspan deel. Soos in die verlede, die doel van die geleentheid is nie om geld in te samel nie, maar meer om net op ou vriendskappe, bande en netwerke te bou.

Nuwe lede is weer in 2013 met groot ywer gewerf deur 'n Varsity Cup pakket van R450 in November aan MOK lede bekend te stel. Seisoenkaartjies wat bespreekte sitplekke op die hoofpawiljoen insluit is beskikbaar gestel en 216 lede het van hierdie aanbod gebruik gemaak. Hierdie pakket het ook 'n gratis Varsity Cup t-hemp ingesluit en hierdie lede toegang verleen tot die MOK funksies voor en na die wedstryde.

Die MOK byeenkomste is vanjaar in Die Stal gehou om die getalle te akkomodeer. 'n Spesiale dankie aan die Matie Rugbykantoor vir al die reëlings in hierdie verband en veral die skakeling met die Varsity Cup borge en reëlingskomitee om aan hierdie geleenthede spesiale glans en aansien te gee. Die algehele opinie van MOK komitee en –lede is dat die Stal die regte fasiliteit is, maar dat dienste net opgeskerp moet word. Tydens een van hierdie byeenkomste word daar nog 'n TW Steel horlosie, geskenk deur Niel Hugo, uitgeloot. Die bedrag van nog R10 000 word ingesamel.

Die jaarlikse MOK gholfdag op 5 September was weereens 'n reuse sukses en het nou 'n glans geleentheid geword op die Rugbyklub se kalender, 'n Spesiale dankie aan die MOK komitee vir jul uitsonderlike reëlings, die pryse gewerf en in die algemeen 'n wonderlike aanbieding en gholfdag. Die resep wat ons hier het, werk en as ons so aanhou gaan hierdie nog 'n groter geleentheid in die toekoms word. Ook 'n spesiale woord van dank aan Cindy vd Merwe vir haar harde werk agter die skerms. Daar is weer vanjaar 'n kruitwa, geborg deur Agrimark, vol plaaslike wyn en Matie Rugby memorabilia uit geloot teen R100 kaartjie. Die bedrag van R10 000 is ingesamel.

Die bydraes en fondsinsameling uit die MOK ledegelde en -gholfdag hierdie jaar was beter as verlede jaar en uit die opbrengs het die MOK komitee besluit om weereens beurse aan junior klubspelers vir 2014 toe te ken. Nege beurse van R8000 elk is aan die volgende junior Matie rugbyspelers toegeken: Gerhard Jordaan, Brendon Pitzer, Lungelo Chonco, Jan de Klerk, Jean Nel, Beyers de Villiers, Christof van Tonder, Renier Ehlers en Marco Janse van Rensburg.

Ter afsluiting, baie dankie aan al die Matie Ondersteunersklublede, ingesluit die MOK bestuurslede, vir jul wonderlike ondersteuning, samewerking en toewyding gedurende die afgelope jaar. Ons glo ons insette, bydraes, terugvoer en veral ondersteuning het 'n positiewe bydra tot die Matie Rugbyvoetbalklub se volgehoue sukses gelever.

Besoek die Matieklub se webblad by www.sun.ac.za/rugby

Matie Sewes

Die afgelope jaar was weer 'n baie goeie jaar vir Maties Sewes en almal wat daarby betrokke was, was baie bevooreg om aan verskeie toernooie deel te neem, plaaslik en internasionaal.

Die Sewes seisoen het in Oktober begin met verskeie opwarmingswedstryde teen Westelike Provinsie asook die Springbokke. Daar is ook in Simondium aan 'n sewestoernooi deelgeneem.

In November en Desember het die Maties Sewesspan die geleentheid gehad om aan die eerste Varsity Sports Sewes reeks in Plettenbergbaai en Margate deel te neem. Tien universiteite het aan hierdie reeks deelgeneem met Maties wat die eerste toernooi wen deur in ekstra tyd teen die Pukke te seevier. In die tweede toernooi speel Maties weer in die finaal maar hierdie keer word die Shimlas bekroon met die titel. Die Matiespan word bekroon as die reeks weners van die eerste Varsity sewes.

Die derde USSA Sewestoernooi is weer vanjaar op die Nelson Mandela Metropoolse Universiteitse Saasveld Kampus op George gehou. Maties ontmoet vir Universiteit Johannesburg in die finaal en stap vir die derde agtereenvolgende jaar met die USSA titel weg. Josh Bassingthwaighte is ook as speler van die toernooi aangekondig; die derde Matiespeler wat hierdie toekenning ontvang.

Maties het vir die eerste keer aan die Wesbank Sewestoernooi, die grootse sewestoernooi in die Wes Kaap met 32 spanne wat deelneem, deel geneem. Maties haal weereens die finaal en wen die titel met die druk van 'n drie in die laaste minuut van die wedstryd.

In Mei is Maties vir die tweede agtereenvolgende keer deur die Centrale Universiteit genooi om hulle 2012 Sewestitel te gaan verdedig. Sterk spanne soos Tunisia en 'n Franse Universiteitespan het vanjaar deelgeneem en die geleentheid gebruik om voor te berei vir die Wereld Studente spele en Wereld Beker Sewes toernooi. Maties dring weereens deur na die finaal maar moet ongelukkig die knie buig vir die Franse Universiteitespan wat as wenner bekroon is.

Vyf Maties haal die SA Studente Sewesspan wat vanjaar aan die Wereld Studente Spele in Kazan, Rusland deelgeneem het. Hulle is Nicholas de Jager, Ryan Nell, Clearance Khumalo, Stefan de Villiers en Josh Bassingthwaighte. Hierdie span onder leiding van Ian Campbell-McGeachy eindig vierde in hierdie toernooi.

Vyf Maties verwerf vanjaar WP Seweskleure en neem aan die World Club Sewestoernooi in London en die Safari Kenyan Sewestoernooi in Kenya, deel. Ian Campbell-McGeachy vergesel die span as assistent afrigter en Andre Smith as kondisioneringsafrigter.

Hierdie span is reeds hard aan voorberei vir die 2013 Varsity Sewes en USSA toernooi in November en Desember. Ons wens hulle alle sterkte toe vir hierdie kompetisies.

Ian Campbell-McGeachy

MATIES SEWESSPAN



Foto: Anton Jordaan SSFD

- 2e Ry: Melissa Hillhouse (Kondisionering), Zoo Magwa, Josh Bassinghtwaighte, David Strachan, Pieter Peens, JW Dürr, Wessel Coetzee, Nicholas de Jager, Lihleli Tini, Louis Nel.
- 1e Ry: Gideon Strydom, Hayden de Villiers, André Smith (Kondisionering), Stefan de Villiers, Freddie Ferreira (President), Derick Linde, Ian Campbell-McGeachy (Afrigter), Rob Alers, Charl Cronjé, Melaki Gunter (Spanbestuurder), Caleb Smith, Mike Muller.

MATIE BORGE

First National Bank

Steinhoff International

Lipton

SA Brouerye (Carling Black Label)

Barloworld Toyota Stellenbosch

Gino's Restaurant

Matie Rugby Skole Akademie

Die Matie Rugby Akademie: Skole het afgeskop met klinieke voor die tuiswedstryde van die Varsity Cup op die Coetzenburg B veld. Daar is Stormerspelers na die klinieke genooi. Die kinders het die klinieke baie geniet. Basiese rugbyvaardighede is by die klinieke beoefen en die kinders het ook saam met die spelers op die veld gegaan.

Die individuele afrigtingsessies het Maart begin op Laerskool Eikestad se velde. By die oefensessies was Hoërskool en Laerskool kinders deur die week. Die Akademie het ook vanjaar by Primêre Seunskool Paarl begin met individuele afrigting. Daar is drie Akademie spelers wat provinsiale spanne verteenwoordig het. Edwill v.d Merwe en Jacques van Zyl het die WP onder 18 Akademiespan gemaak. Hercelle Jantjies het die WP onder 18 Cravenweekspan verteenwoordig. Edwill, Jacques en Hercelle het Junior WP kontrakte vir drie jaar by die WP ontvang.

